



“Here, ek het honger – gee my iemand om te voed.
Here, ek is dors – gee my water om ander mee te laaf.
Here, ek is hartseer – wys my wie se droefheid ek kan verlig.
Here, ek is belas – lê my naaste se laste op my hart.
Here, ek het ‘n behoefte aan teerheid – laat my liefde gee aan iemand wat ook na liefde smag.
Laat U wil my brood wees, U genade my krag, U liefde my rusplek.”

Die Lewende God

Dis hoe Hy homself aan ons geopenbaar het. Dis hoe ons Hom mag ken en liefhê. Goliat is verslaan, “omdat hy die slagordes van die lewende God uitgedaag het.” (1Sam 17:36)

Dawid het krag geput uit die wetenskap, dat die Here lewe. “Die HERE leef! En geloofd sy my rots, en laat verhoog wees die God van my heil!” (Psalm 18:46)

Die Here is daar vir Sy kinders. “In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hy hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd.” (Jesaja 63: 9)

Ons mag die Here aanspreek. Hy sien en hoor ons. “Sou Hy wat die oor plant, nie hoor nie, of Hy wat die oog formeer, nie sien nie?” (Psalm 94:9)

As ons Hom aanroep is Sy hart oor ons bewoë. “Hoe kan Ek jou oorgee, o Efraim, jou prysgee, o Israel? Hoe kan Ek jou maak soos Adma, jou gelykstel met Seboïm: my hart is omgekeer in My, tegelykertyd is my medelyde opgewek.” (Hosea 11: 8)

Die Here ontferm Hom oor ons. “Soos ‘n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees.” (Psalm 103:13)

Die wat Hom aanroep, bid nie in ‘n lugleegte in nie, want Hy is orals om ons te hoor. Ons kan op Hom staat maak. Na Hom mag ons vlug. Almal, groot en klein mag met Hom praat. By God is ons veilig. Alles kan ons vir Hom gee in gebed –bekommernisse, vrae, hartseer en ook vreugde. Moenie probeer om jou pakkie wat jy by die Here se voete neersit, weer optel om te vertroetel nie.

“Waarom het Ek gekom en daar was niemand nie, het Ek geroep en niemand geantwoord nie? Is my hand werklik te kort om te verlos, of is daar in my geen krag om uit te red nie?” (Jesaja 50: 2)

Elkeen moet tot die ware, lewende God bid. As ons nie in die valstrikke van Satan wil te trap nie, moet ons aandagtig vir Hom luister. Sy woord vanuit die Heilige Skrif. Moenie veronderstel dat die Here net tevrede is met goeie bedoelings nie, veral nie as ons ons eie denke van God of ‘n leerstelling wil volg nie.

Natuurlik is dit waar dat God genadig is. Dit gee ons nie die reg om van Hom te dink soos wat dit ons pas nie. Ons mag nie self ‘n god uitdink nie. Aanbid die *lewende* God wat jy in die Bybel leer ken.

Elkeen wat die lewende God aanbid, sal ‘n luisterende oor en bewoë hart vind.

“Ek het lief, want die HERE hoor my stem, my smeking,
want Hy het sy oor tot my geneig;
daarom sal ek Hom in my dae aanroep.”

(Psalm 116: 1 en 2)